‘n Kind se rol

MENS TOT MENS

☺ Wat is uitdagings van ‘*kindwees*’ in vandag se samelewing?
☺ Moet mens ‘n kind isoleer van alles of blootstel aan alles?

MENS TOT GOD

Lees Ps 8:1-3 as inleiding tot julle gebed
Bid vir God se leiding in julle ontmoeting.

GOD TOT MENS

📖 Lees: Genesis 5:1-3
Spreuke 1:8-10
Efesiërs 5:21 + 6:1-4
Kolossense 3:20

Inleiding:
Kinders behoort voorberei en opgebou te word om hulle Bybelse rol as man en vrou te ken en uit te leef. Ons voed meestal ons kinders op sodat hulle met ‘n goeie werk finansiële sekuriteit kan hê. Die Bybel se doel is eerder dat hulle God se beeld uitstraal. Dus: ons wil ons kinders goeters laat hê, God wil hulle eerder iets laat wees. God wil

hulle daarby uitbring deur die ouers, en daarom die opdragte aan kinders om bloot gehoorsaam te wees aan hulle ouers. Maar, ouers, dit gebeur nie net deur dissipline nie, ook met wysheid, geduld en liefdevolle aanmoedignig – hulle is net so afhanklik van genade as jy.

Bespreking:

- In Gen 5:1-3 sien ons die lyn dat die mens as beeld van God self gemaak is, en dat Set weer Adam se beeld genoem word. Wat sê dit vir die plek van kinders in 'n gesin?
- Wat is 'n pa en ma se doel met 'n kind se opvoeding? Spr 3:9
- Watter rede behoort 'n ouer vir 'n kind te leer oor hoekom die kind na die ouers behoort te luister volgens Ef 5:21.
- Wat het 'eer' en 'gehoorsaamheid' in Ef6:1,2 met mekaar te make? Hoe nodig is dit dat ouers ook eerbaar moet wees?
- Wat beteken die belofte wat die Here vir kinders gee wat na hulle ouers se goeie opvoeding luister? Ef 6:3
- Watter tipe opvoeding maak kinders opstandig? Ef6:4
- 'n Kombinasie van watter twee dinge sal keer dat kinders opstandig word? Ef 6:4
- Wat is die verskil tussen 'tug' en 'vermaning'?
- Waarheen is God met jou kind op pad? Rom 8:29

- ☺ As die Bybel se opvoedingsdoel eerder ‘wees’ is as ‘hê’ – wat behoort te verander in hoe ons tipies kinders grootmaak.
- ☺ Hoe praat jy met ander ouers oor hoe hulle hul kinders opvoed as dit nodig raak?
- ☺ Waar sal ‘n kind eindig as jy net vir hulle gee wat hulle wil hê? Hoekom?

MENS TOT GOD:

- Bid:
  - Here, ons kinders is so kwesbaar en ons leer hulle dikwels self om eerder hulle hoop op goeters te plaas as U, ons bely dit.
  - Lei ons asb om eerbare ouers te wees by wie ons kinders veilige voel en na wie hulle sal kan opkyk.
  - Bewaar hulle asb van soveel invloede en seermaak dinge wat ons nie kan keer nie. Help ons om hulle te leer hoe om in die lig van die evangelie daardeur te werk.
  - Baie dankie dat ons deur ons kinders kan leer en besef hoe lief U vir ons is as U kinders.
  - Ons prys U dat u ‘n goeie Vader is en ons kinders in U hand is.